

“Jou koning sal na jou toe kom”

Sagaria 9:9-10



Vandag is die eerste Sondag van Advent, die begin van die nuwe kerkjaar. Die woord Advent beteken afwagting, uitsien, die verwagting dat iets of iemand aan die kom is, soos by die voorbereiding vir die salwing van 'n nuwe koning. Dis 'n opgewonde tyd, 'n tyd waarin jy soos klein kindertjies die slabies begin tel na wanneer dit Kersfees is en hulle daai lekker geskenk gaan kry. Advent sê: ons kan nie meer wag nie!

In die kerk gaan Adventstyd oor die uitsien na die viering van Christus se eerste koms na hierdie aarde, lank terug. Maar dit is ook 'n tyd waarin ons uitsien na die koms van God se koninkryk hier en nou; die deurbreek van God se heerskappy, sy geregtigheid en sy vrede, vandag, in die hede. In Adventstyd sien ons ook uit na Christus se tweede koms in die toekoms, die dag wanneer Hy alles heel en nuut sal kom maak. 'n Verwagting dus oor die verlede, die hede en die toekoms.

Daarom sluit vandag se teks aan by die profeet Sagaria se bekende profesie in Sagaria 9:9-10. Die boek Sagaria is geskryf in die tyd toe die volk Israel uit jarelange ballingskap na Jerusalem teruggekeer het en die tempel weer opgerig is. Ten spyte van die terugkom uit ballingskap en die herbou van die tempel, was die teruggekeerde Israëliete egter baie ontugter, teleurgestel. Alles in Jerusalem was toe ook nie so wonderlik soos hulle verwag het nie, soos hulle so lankal na uitgesien het nie. Daar was baie onreg en uitbuiting, hulle was maar steeds uitgelewer aan ander en hulle was arm, en die Jerusalemse Jode se toewyding aan God het maar veel te wense oorgelaat. Is God regtig nog Israel se God, het hulle teleurgestel gewonder? Was dit die moeite werd om terug te kom Jerusalem toe? Dis vir hierdie mense wat Sagaria se profesie bedoel is.

Vir dié skeptiese, teleurgestelde gelowiges profeteer Sagaria dan: wees bly julle, juig en jubel! Want, “Jou koning sál na jou toe kom”. Daar kom 'n Messias-koning, hou moed – so profeteer hy. En oor hierdie Messias-koning wat verseker kom, sê hy vier dinge.

- (1) Dit gaan 'n **regverdige koning** wees. Dis nogal 'n groot belofte ... 'n regverdige koning! Dit was en is maar oor die eeue heen 'n baie skaars ding: regeerders wat regverdig is! Wat doen wat reg is. Wat doen wat God wil. Omtrent net koning Dawid was so 'n soort koning. Vir hulle was die definisie van 'n regverdige koning een wat in 'n noue verhouding met God, gehoorsaam aan God, regeer het. Só 'n koning is aan die kom, sê Sagaria.
- (2) Die tweede eienskap van hierdie koning wat kom is dat hy 'n **oorwinnaar** sal wees, dat hy die vyand sal verslaan, die volk sal bevry – weereens, iemand soos koning Dawid.
- (3) Die derde eienskap van hierdie verwagte koning is dat hy **nederig** sal wees. Om 'n koning te kry wat tegelyk ook nederig is, was byna onmoontlik, 'n *contradictio in terminus* – per definisies was en is regeerders nie juis nederig nie. Maar hierdie verwagte koning, so sê Sagaria, sal nederig wees, hy sal hom aan God onderwerp, hy sal ander se nood raaksien, hulle dienaar wees. Na die koms van só 'n koning kan julle uitsien, profeteer Sagaria.
- (4) En die verwagte koning sal 'n vierde eienskap hê: hy sal **op 'n donkie ry**, 'n hingsvul van 'n donkie. Nou meestal dink ons dat die donkie-simboliek eintlik maar net sy nederigheid onderstreep. Maar in daardie tyd het die ry op 'n donkie iets anders simboliseer. 'n Donkie was 'n koninklike rydier, veral in vredestyd. Konings sou net perde ry as hulle gaan oorlog maak, maar 'n donkie spel koninklike vrede uit, 'n koninkryk van vrede. Dat hy op 'n donkie ry, beteken hierdie koning bring vrede. Hy gaan die oorlogspere uit Jerusalem uitroei, die pyle en boë stukkend breek, hy sal 'n vrederyk aankondig – wêreldwye vrede – tot aan die uithoeke van die wêreld. Die sjaloom van die Messiaanse tyd, die vrederyk van die nuwe koning – dit is aan die kom, profeteer Sagaria.

Dwarsdeur die Ou Testament, maar veral teen die einde daarvan, word daar geprofeteer oor hierdie koning wat sou kom, die Messias, die gesalfde van God, die koning wat regverdig sal regeer, wat 'n oorwinnaar sal wees, wat nederig is, en wat vrede bring. Daarna het hulle uitgesien, daarop het hierdie ou gelowiges gewag. Dit was die hoop waarby hulle gelewe het, dit was hulle troos – juis ook in moedelose tye wanneer hulle uitgelewer gevoel het. 'n Koning soos Dawid van ouds is aan die kom! Dit was die belofte! En so seker gaan dit gebeur, dat die dogters van Sion solank maar kan juig en jubel, Jerusalem kan solank opgewonde handeklap en dans. Die Messias-koning is vir seker aan die kom.

En dan kondig die Nuwe Testament dit aan: Kyk, Jesus van Nasaret, Hy is hierdie verwagte messias, die gesalfde uit die geslag van Dawid! Hy is die regverdige koning, wat God se wil kom bekendmaak, maar veral ook kom uitvoer. Hy is die oorwinnaar wat die bese magte en die dood oorwin het. Hy is die nederige, die dienskneg by uitnemendheid, wat Homself kom prysgee het. En kyk, Hy ry op 'n donkie Jerusalem binne as vredeskoning, om 'n einde te maak aan vyandskap en haat, om oorlogspere te verdryf en die pyl en boog stukkend te breek. Dis Hy op wie daar so lank gewag is!

In Adventstyd vier ons die koms van hierdie Messias-koning – Hy wat reeds gekom as God se gesalfde, as God self het Hy mens kom word en hier tussen ons kom woon, kom tent opslaan. Dit het reeds gebeur. Daaraan dink ons terug in hierdie tyd. Maar, sy koningsheerskappy is ook aan die deurbreek, dit kom, dis naby – oral sien ons vandag reeds die tekens daarvan. Oral waar reg geskied, waar regverdigheid deurbreek, daar kom die koninkryk. Ons sien dit waar die bese oorwin word, waar mense verlos word van alles wat hulle verkneeg – daar is die koninkryk aan die kom. Ons sien dit waar mense mekaar dien, in dienskneggestalte, waar mense nederig is, aan God gehoorsaam is. Daar kom die koninkryk. En daar waar vrede deurbreek, sien ons sy heerskappy. Ons sien daarna uit dat hierdie koninkryk volledig moet deurbreek, ons kan nie wag nie! Daarom bid en werk ons reeds

vir die koms van hierdie ryk van geregtigheid, verlossing, nederige diens, vrede. Ook hierna sien ons veral uit in die Adventstyd.

Maar, ons sien ook reikhalsend uit na Jesus Christus se tweede koms, sy terugkeer, sy finale oorwinning, die finale aanbreek van die Messias-ryk, die ewige vrederyk, die heel- en nuutmaak van alles. Ons reik na hierdie toekoms, ons hoop daarop, ons is seker dit kom. So seker as wat Christus reeds gekom het, en sy heerskappy vandag aan die deurbreek is, so seker sal Hy weer kom en sy vrederyk finaal aanbreek. Dit is ons troos in Adventstyd. Dit maak hierdie tyd so besonders.

Mag julle elkeen 'n mooi Adventstyd beleef.

Gideon van der Watt